NOTULE
ALGEMENE JAARVERGADERING
18 SEPTEMBER 2008
Eendekuil Hotel

Rudolf Andrag	Joepie Burger	Peter Dorrington	Rika du Plessis
Gys Dippenaar	Freddie Hans	Basil January	Hasie Smit
Jacques van Rooi	Johan van Kraayenburg	Ken van Wyk	Willem van der Merwe
Peter Langton	Cobus Smit	Bernie Hector	Pieter Britz
Johan Smit	Lional Skog	Martha Slabber	Charl du Plessis

1. **Opening en verwelkoming**

   Charl neem tydelik waar as voorsitter en verwelkom almal en bedank almal vir die opoffering gemaak om vergadering by te woon. Spesiale verwelkoming aan die nuwe lede en gaste

2. **Verskonings**

   Verskonings word aangebied Hermie Visser, Kobus Eigelaar, Nettie Titus, Danie Smit (sal laat wees), Jaco Rheeder, Braam Marais, Michael Lewis, Pierre Combrinck, Giepie Coetzee, Barry Tilney, Margaret Matzener, Piet Lourens, George Evans, Michael Keft.

3. **Goedkeuring van vorige notule**

   Notule van die 2007 Jaarvergadering word deur Charl du Plessis voorgelees aan die vergadering. Joepie Burger stel voor dat dit aanvaar word en Eerwaarde. Freddie Hans sekondeer.

4. **Voorsitter se Jaarverslag**

   Martli Slabber stel voor dat die jaarverslag voortaan deur die Projekbestuurder aangebied moet word, voorstel word aanvaar deur die vergadering. Voorsitter lê jaarverslag aan vergadering voor.

5. **Finansiële verslag**

   Geouditeerde finansiële verslag soos op 29 Februarie 2008 word voorgelê aan lede.

6. **Verkiesing van Bestuur** **Almal**

   6.1 Voorsitter

   Johan von Kraayenberg en Peter Dorrington word voorgestel as voorsitters. Johan ontrek weens ander verpligtinge. Peter word voorgestel as voorsitter aanvaar.

   6.2 Onder voorsitter

   Rudolf Andrag word voorgestel en eenparig deur vergadering aanvaar.

6.3 Uitvoerende Komiteelede

Bly dieselfde maar dat verteenwoordiger vir Sneeuberg en Voorberg sal later aangewys word.

7. Wysiging aan grondwet

Geen skriftelike versoeke vir wysiging aan die grondwet is ontvang nie.

8. Geïntegreerde brandbestuur - Voorlegging deur Peter Dorrington

Dit is 'n langtermyn oplossing maar almal moet streef daarna. Dit help nie bure eis van mekaar met groot finansiële verliese en self plase wat verlore gaan nie. Moet holisties dink en moet poog om eksterne beskerming te bied, terwyl interne hoe risiko areas deurlopend bestuur en uitgeskakel word. Hou brandbane en toeganklikheid daarvan in ag, skep en onderhou ontsnap roetes, identifiseer versamelingspunte, uitfasering van gevaar areas, beplan hoe brandbestryding gaan plaasvind. Sien aanhangsel.

9. 2008 – 2009 Wat gaan gebeur in die GCBBV

Charl du Plessis doen aanbieding wat in die volgende jaar beplan word.

10. Algemeen

Basil Januarie meld dat die Weskus DM steeds nou gaan saamwerk met die GCBBV en dat operasionele brandweerstasies, opleiding en integrasie van die brandweerpersoneel by die GCBBV kardinaal is.

11. **Afsluiting**

Peter Dorrington bedank Martha Slabber vir haar ondersteuning en leierskap die afgelope drie jaar en hoop dat sy die rus sal geniet maar steeds die GCBBV sal ondersteun.

Die vergadering verdaag om 13:00.